

# Die impak van revisie op vertaalde eksamen vraestelle in 'n hoër onderwysomgewing<sup>1</sup>

Alta van Rensburg

Alta van Rensburg: Taalsentrum, Universiteit Stellenbosch

## *Opsomming*

Die onakkurate vertaling van eksamen vraestelle in 'n hoër onderwysomgewing kan studentesukses benadeel, byvoorbeeld as die vertaling dubbelsinnig is of as onbekende terminologie gebruik word. Een van die metodes om vertalings van hoë gehalte te verseker, is om die konsepvertaling wat deur 'n eerste vertaler geskep is deur 'n tweede vertaler te laat nagaan. Hierdie prosedure word revisie genoem en die doel daarvan is om moontlike foute uit te skakel en die gehalte van die konsepvertaling te verbeter. Empiriese studies (Arthern 1983; Künzli 2006 en 2007) toon egter dat die tweede vertaler (reviseur) nie net soms van die eerste vertaler se foute oorsien nie, maar nuwe foute maak en selfs die gehalte van die vertaling kan verlaag. Die tweeledige doel van die loodsstudie wat in hierdie artikel beskryf word, is om te bepaal watter impak revisie op die gehalte van vertaalde eksamen vraestelle in 'n hoër onderwysomgewing het en om die kostedoeltreffendheid van revisie te bepaal. Twee konsepvertalings is deur vier reviseurs nagegaan met die opdrag om enige foute uit te skakel en die gehalte van die konsepvertalings te verbeter. Hierdie “verbeterde” weergawes en die konsepvertalings (sonder revisie) is aan drie evalueerders gestuur. Die evalueerders het die vertalings geëvalueer met behulp van 'n assesseringsinstrument (Colina 2009) wat op grond van die funksionalistiese vertaalbenadering (Nord 1997, 2002 en 2005) ontwikkel is. Die resultate toon dat revisie 'n groter impak op 'n swak konsepvertaling as op 'n goeie konsepvertaling het, maar dat 'n ervare reviseur nie noodwendig 'n beter vertaalproduk lewer as 'n onervare reviseur nie. Dit is ook duidelik dat revisie nie altyd kostedoeltreffend is nie, aangesien reviseurs tyd aan revisie afstaan, selfs al verbeter dit geensins die gehalte van die vertalings nie. Die artikel bevestig die behoefte aan duideliker riglyne vir revisie, asook verdere navorsing oor verskillende revisiemetodes.

**Trefwoorde:** vertaling; revisie; gehalte van revisie; assessering van vertaling; hoër onderwys; selfrevisie; anderrevisie; funksionalisme

## *Abstract*

### **The impact of revision on translated examination papers in a higher education environment**

The inaccurate translation of examination papers in a higher education environment can have a detrimental effect on student success, for example if the translation is ambiguous or if incorrect terminology is used. One method of ensuring high-quality translations is to have the

draft translation created by a first translator checked by a second translator. This process is known as revision and its aim is to eliminate possible errors and to improve the quality of the draft translation.

Revision has become more prominent since being mentioned pertinently as one of the quality assurance methods in two overseas quality standards that are aimed specifically at translation services. These are the German *DIN 2345 on translation contracts*, which was introduced in 1998 (Chesterman and Wagner 2002:84) and the European *EN 15038 Translation services – Service requirements* (Biel 2011:62) which replaced it in 2006. Both quality standards mention a number of steps that can be taken to ensure the quality of the translation product. While *DIN 2345* emphasises the importance of revision (IAMLADP 2004:2), *EN 15038* goes one step further by establishing this procedure as an obligation. The latter quality standard is currently being implemented in about 30 countries, including Belgium, France, Germany, the Netherlands and the United Kingdom (CEN 2009).

Although there is no similar quality standard in South Africa that prescribes that revision should be done, translation offices at higher education institutions have their own quality assurance procedures, which could include revision. Higher education institutions that make use of revision in their translation offices include the University of South Africa and Stellenbosch University. However, little research has been done on revision, particularly in South Africa.

A few of the rather limited number of empirical studies on the quality of revision (Arthern 1983; Künzli 2006 and 2007) show that the second translator (reviser) sometimes not only misses some of the first translator's errors, but introduces new errors and may even reduce the quality of the translation. The translation office at Stellenbosch University spends resources on revision, but the problem is that there is uncertainty about the impact that revision has on the quality of the translated documents and whether the procedure is cost-effective.

The aim of the pilot study described in this article was twofold: (i) to determine the impact of the work done by various revisers on the quality of the draft translation and (ii) to compare the impact of the revision on the translation product with the time spent on revision in order to determine the cost-effectiveness of the procedure.

This pilot study was based on a general principle that applies in the translation office, namely that a more difficult translation (e.g. one with more subject-specific terms) is given to an experienced translator, while an easier translation (e.g. with fewer subject-specific terms) is given to a less experienced translator. The study was therefore executed in two phases with a view to comparing the quality of revision in each phase with the other.

In phase 1 an examination paper in the social sciences was translated by a translation student with no formal qualification or full-time experience in translation. In phase 2 an examination paper in engineering was translated by an experienced translator with a BPhil in translation studies and 13 years' experience as a freelance translator. Both source texts were about 600 words long and were translated from English into Afrikaans.

The methodology for both phase 1 and phase 2 was as follows: The draft translation was revised by four revisers who were told to correct all errors and to improve the quality of the draft translation. All changes were indicated using the track changes function in MSWord. The three evaluators were sent a version in which all the changes had been accepted as well

as the unrevised draft translation. In each phase the evaluators therefore received five documents without tracked changes: the unrevised draft translation and one revised translation from each of the four revisers. The request to the evaluators was that they should evaluate these five translations with the aid of an assessment instrument provided by the researcher. The revisers and the evaluators had access to the respective source texts.

The assessment instrument was developed by Sonia Colina (2008 and 2009) on the basis of the functionalist approach to translation, which is also utilised in the translation office. In terms of this approach it is important that the client provides the translator (and reviser) with a translation brief that provides details about, for example, the target readers and the function of the translation (cf. Nord 1997, 2002 and 2005). The details in the translation brief furthermore serve as criteria in terms of which the translation is evaluated.

The text as a whole was evaluated, with a focus on the following four aspects of quality: (i) target language use; (ii) functional and textual equivalence; (iii) the transfer of non-specialised content; and (iv) specialised content and terminology. The focus on the textual level instead of the lexical level is also reflected in the way in which marks were allocated. No marks were subtracted for errors; instead, descriptive statements were used. In each category the evaluator selected the statement that best described the text.

The descriptions from which the evaluators could choose to evaluate the translation were each linked to a numerical value. With this value and the weighting allocated to that section, a mark out of 100 could be calculated, indicating the quality of the translation product. Consequently there were three marks (each out of 100) for the draft translation (unrevised) and for the four translations as changed by each reviser. The sum of these three marks was divided by three to give an average mark out of 100 for each text, providing an indication of the quality of the translation according to all three evaluators.

The results showed that revision has much less of an impact on a translation by an experienced translator (phase 2) than on a translation by a translation student (phase 1), and that the question could be asked whether it is necessary to have a translation revised by an experienced translator. The results also show that the quality of revision does not necessarily increase as experience in revision increases, since the reviser with no revision experience produced the second best work, in contrast to the reviser with four years' experience, who had the least impact on the quality of the translation product in both phases. Many other variables (such as fatigue and motivation) also play a role, however, and therefore the possible relationship between revision experience and the quality of revision should be tested in further empirical studies.

In order to determine the cost-effectiveness of revision, the impact of revision was compared with the time that each reviser spent on the task. Although the average time spent on revision in phase 1 was less than in phase 2, the impact of revision on the draft translation in phase 1 was greater than that in phase 2. One reason for this could be the poorer quality of the translation student's translation. Since the draft translation by the translation student contained more errors than that done by the experienced translator, the revisers could make more changes to improve the quality of the translation student's translation. A further possible reason is that the engineering paper in phase 2 contained more subject-specific terminology than the social sciences paper in phase 1, and that the revisers therefore spent more time researching terminology. The revisers did not know who had translated the documents. Had they had this information, they might have spent less time on the terminology in the engineering paper, since the translation had been done by one of the best

translators connected with the translation office. An application of this in translation practice is that it is important that the translator includes comments, particularly in relation to terminology (for example, specifying which source he/she used), so that the reviser does not need to research the terms again.

This pilot study focused on the assessment of the translation product at the textual level. An analysis of the changes that the revisers made and the errors that they missed can be done to examine specific problems that revisers experience in order to refine the guidelines for revision. The results of this and previous empirical studies furthermore show that revision, even by someone with many years of revision experience, does not necessarily have a satisfactory impact on the quality of the translation product and that translation practice would benefit from research on how to use revision with greater success.

**Keywords:** translation; revision; quality of revision; translation assessment; higher education; self-revision; other-revision; functionalism

## 1. Inleiding

Die onakkurate vertaling van eksamen vraestelle in 'n hoërsonderwysomgewing kan studentesukses benadeel, byvoorbeeld as die vertaling dubbelsinnig is of as onbekende terminologie gebruik word. Een van die metodes om vertalings van hoë gehalte te verseker, is om die konsepvertaling wat deur 'n eerste vertaler geskep is deur 'n tweede vertaler te laat nagaan. Die doel is om moontlike foute uit te skakel en die gehalte van die konsepvertaling te verbeter voordat die finale vertaalprodukt aan die kliënt gestuur word. Aangesien daar in sowel vertaalkunde as die vertaalpraktiek verskillende terme vir hierdie prosedure gebruik word, bevat afdeling 2.1 'n kort uiteensetting van etlike terme. Vir die doel van hierdie artikel word die term *revisie* gebruik.<sup>2</sup>

*Revisie* is 'n term vir 'n algemene beginsel wat reeds jare lank in die vertaalpraktiek geld, naamlik “vier oë is beter as twee”. Chesterman en Wagner (2002:86) verwoord dit as “never translate alone” en voeg by dat selfs vryskutvertalers mekaar se vertalings kan nagaan voor dit aan die kliënt gestuur word. Revisie het meer prominent geword nadat dit pertinent as een van die gehalteversekeringsmetodes genoem is in twee oorsese kwaliteitstandaarde wat spesifiek op vertaaldienste gerig is. Dit is die Duitse *DIN 2345 on translation contracts*, wat in 1998 ingestel (Chesterman en Wagner 2002:84) en in 2006 vervang is deur die Europese *EN 15038 Translation services – Service requirements* (Biel 2011:62). Albei kwaliteitstandaarde noem verskeie stappe wat gevolg kan word ten einde die gehalte van die vertaalprodukt te verseker. Terwyl *DIN 2345* die belangrikheid van revisie beklemtoon (IAMLADP 2004:2), gaan *EN 15038* een stap verder deur hierdie prosedure as 'n verpligting te stel: “The Translation Service Provider shall ensure that the translation is revised” (CEN 2006:11). Laasgenoemde kwaliteitstandaard word tans in ongeveer 30 lande toegepas, onder andere in België, Frankryk, Duitsland, Nederland, Spanje en die Verenigde Koninkryk (CEN 2009).

Hoewel daar nie 'n soortgelyke kwaliteitstandaard in Suid-Afrika is wat voorskryf dat revisie gedoen moet word nie, het vertaalkantore aan hoëronderwysinstansies hulle eie interne gehalteversekeringsprosedures, wat revisie kan insluit. Hoëronderwysinstansies waar revisie wel in vertaalkantore toegepas word, sluit die Universiteit van Suid-Afrika en die Universiteit Stellenbosch in. Daar is egter, veral in Suid-Afrika, nog min navorsing oor revisie gedoen. Kwessies wat ondersoek moet word, is onder andere watter revisiemetode die beste vertaalproduk oplewer, en of die reviseur wel werk van hoë gehalte lewer. Arthern noem dat 'n reviseur se werk "is assumed to be perfect, or is in fact normally good enough for the final translation user to have few complaints" (1983:53), gevolglik kyk niemand in die vertaalkantoor gewoonlik na 'n teks wat deur 'n reviseur nagegaan is nie (1983:54). Die probleem is egter dat dit nie vanself spreek dat die reviseur al die foute in die teks sal raaksien nie.

In empiriese studies oor die gehalte van professionele reviseurs se werk (kyk afdeling 2.2) is bevind dat die aantal foute wat oorgesien word, onnodige veranderinge wat aangebring word en nuwe foute wat gemaak word, oor die algemeen redelik hoog is in verhouding tot die lengte van die teks. Die feit dat daar tyd aan die revisie van 'n teks afgestaan word, beteken dus nie veel op sigself nie. Mossop (2007b:121) rig die volgende vraag aan reviseurs: "[T]o what extent is the time you are spending [on revision] contributing to the quality of the final product?" Die doel van hierdie artikel is eerstens om te bepaal watter impak revisie op die gehalte van die vertaalproduk het, en tweedens om te bepaal of die gehalte van die dokument verbeter na gelang van die hoeveelheid tyd wat aan revisie bestee word.


Die gehalte van die vertaalproduk kan vir die doel van dié artikel binne die funksionalistiese vertaalbenadering (kyk bv. Nord 1997, 2002 en 2005) omskryf word as die mate waarin die vertaalopdrag nagekom is. Twee kriteria kan byvoorbeeld wees of die doeltaalgebruik geskik is vir die doeltaalleser en of die bronteks se vakkundige inhoud akkuraat oorgedra is. Kyk afdeling 4, waar die kriteria vir 'n vertaling van hoë gehalte genoem word, asook die assesseringsinstrument wat op grond van die funksionalistiese benadering tot vertaling ontwikkel is.

Verskillende definisies van *revisie* en verskeie terme daarvoor word in afdeling 2.1 uiteengesit, waarna 'n kort beskrywing volg van empiriese studies wat reeds oor die gehalte van revisie gedoen is (afdeling 2.2). Die probleemstelling en doel van die loodsstudie wat in hierdie artikel bespreek word, word in afdeling 3 gegee. Afdeling 4 en 5 is onderskeidelik 'n beskrywing van die metodologie wat gevolg is en die resultate wat verkry is. In die gevolgtrekking (afdeling 6) word daar dan voorstelle gemaak vir verdere navorsing oor spesifieke aspekte van revisie. Aangesien daar nog so min navorsing oor revisie gedoen is en die gebied nog onbekend is, begin afdeling 2 deur revisie binne toegepaste vertaalkunde te kontekstualiseer.

## 2. Teoretiese onderbou

Op grond van Holmes (1972:184–91) se uiteensetting van vertaalkunde as vakgebied klassifiseer Munday (2008:9–12) revisie as deel van vertaalkritiek wat onder toegepaste vertaalkunde val. Volgens hierdie indeling (kyk figuur 1) dek toegepaste vertaalkunde vertaalopleiding, vertaalkritiek en vertaalhulpmiddels (soos rekenaargesteunde vertaling en woordeboeke). Onder vertaalkritiek word die evaluering van vertalings en die skryf van resensies dan saam met revisie gegroepeer.

**Figuur 1. Revisie as deel van toegepaste vertaalkunde**



Revisie is egter nog so 'n nuwe studieveld dat selfs die *Routledge encyclopedia of Translation Studies* se jongste uitgawe (Baker en Saldanha 2009) nie 'n inskrywing daarvoor bevat nie. Dit is een van die redes waarom die terminologie glad nie gestandaardiseer is nie. Brunette sluit revisie in by haar pleidooi in 2000 dat vertaalterminologie gestandaardiseer moet word, en sewe jaar later word 'n spesiale uitgawe van *Target*, 'n internasionale vaktydskrif oor vertaalkunde, gewy aan metataal in vertaalkunde (Gambier en Van Doorslaer 2007). Hierdie gesprek duur egter nog voort sonder dat daar konsensus oor die gebruik van gestandaardiseerde terminologie vir 'n konsep soos revisie bereik is. In afdeling 2.1 sit ek verskillende definisies van *revisie* en terme vir revisie uiteen en spesifiseer dan die betekenis van die begrip in die konteks van hierdie artikel.

### 2.1 Revisie: definisies en terminologie

In die enigste Engelse handboek oor revisie,<sup>3</sup> *Revising and editing for translators*, definieer Mossop (2007b:109) revisie as “that function of professional translators in which they identify features of the draft translation that fall short of what is acceptable and make appropriate corrections and improvements”. Die tweede inskrywing oor revisie in Delisle, Lee-Jahnke en Cormier se *Translation terminology* stem ooreen met Mossop s'n in die sin dat 'n ervare vertaler die werk moet doen, en weerspieël ook die idee dat revisie die gehalte van die konsepvertaling moet verbeter: “A function usually assigned to an experienced

<translator> for the purpose of ensuring that texts translated by others will measure up to the standards of professional translation” (1999:175).<sup>4</sup>

Waar Mossop nie die metode van revisie in sy definisie vervat nie, spesifiseer die eerste inskrywing oor revisie in *Translation terminology* die metode as ’n vergelyking tussen die bron- en doelteks: “A detailed comparative examination of the translated <text> with the respective <source text> in order to verify that the <sense> is the same in both texts and to improve the quality of the <target text>” (Delisle e.a. 1999:175). Soos in laasgenoemde definisie, is die Europese kwaliteitstandaard *EN 15038* se definisie van revisie voorskriftelik ten opsigte van die metode wat toegepas moet word. Daar word ook parameters gegee, naamlik dat die konsekwente gebruik van terminologie, register en styl nagegaan moet word: “The reviser [...] shall be a person other than the translator and [...] shall examine the translation for its suitability for purpose. This shall include, as required by the project, comparison of the source and target texts for terminology consistency, register and style” (CEN 2006:11).

In twee van die bogenoemde definisies is genoem dat die reviseur ’n ander vertaler se werk nagaan (CEN 2006:11; Delisle e.a. 1999:175). Mossop spesifiseer dit nie in sy meer algemene definisie nie, maar elders onderskei hy tussen selfrevisie (*self-revision*) en anderrevisie (*other-revision*). *Other-revision* is Mossop se term wat ooreenstem met CEN (2006:11) en Delisle e.a. (1999:175) se definisies van revisie, en verwys na ’n reviseur (die tweede vertaler) wat iemand anders (die eerste vertaler) se werk nagaan (Mossop 2007a:6). Selfrevisie is die proses “in which one revises one’s own translation” en word dus deur die eerste vertaler gedoen (Mossop 2007b:203) ten einde ’n konsepvertaling af te rond voordat dit vir anderrevisie gestuur word. Mossop se term *self-revision* stem ooreen met die term *checking* wat in *EN 15038* voorkom en soos volg beskryf word: “On completion of the initial translation, the translator shall check his/her own work. This process shall include checking that the meaning has been conveyed, that there are no omissions or errors and that the defined service specifications have been met” (CEN 2006:11).

Terwyl ’n onderskeid getref word deur Mossop (tussen *self-revision* en *other-revision*) en in die *EN 15038*-kwaliteitstandaard (tussen *checking* en *revision*), is daar navorsers wat verskillende betekenisse aan dieselfde terme gee. Graham (1989) gebruik byvoorbeeld die term *checking* om na *other-revision* te verwys (in teenstelling met *EN 15038*, waar die term na *self-revision* verwys), en Breedveld en Van den Bergh (2002) gebruik die Nederlandse term *revisie* om na *self-revision* te verwys (in teenstelling met *EN 15038* en Mossop, waar die term na *other-revision* verwys). Robert (2008:5–7) gee ’n verdere uiteensetting van verskillende terme wat in die literatuur en vertaalpraktyk vir revisie gebruik word.

In hierdie artikel gebruik ek die term *revisie* om te verwys na die prosedure waar ’n tweede vertaler (d.w.s. die reviseur) ’n eerste vertaler se konsepvertaling nagaan. Die reviseur bring dan die nodige veranderinge aan ten einde enige foute uit te skakel en die gehalte van die vertaling te verbeter voordat die vertaalprodukt aan die kliënt gestuur word.<sup>5</sup> Ek onderskei tussen revisie en redigering in die sin dat revisie op ’n vertaalde dokument betrekking het,

terwyl redigering 'n proses is wat uitgevoer word op 'n teks wat nie vertaal is nie (Mossop 2007b:199).

'n Verdere doel van die artikel is om te bepaal watter impak revisie op die gehalte van die vertaalprodukt het. Ten einde 'n positiewe impak te hê moet die reviseur al die foute in die teks raaksien en die gepaste veranderinge aanbring. In afdeling 2.2 volg 'n beskrywing van empiriese studies wat oor die gehalte van revisie in die professionele vertaalpraktyk gedoen is.<sup>6</sup>

## 2.2 Empiriese studies oor die gehalte van revisie

Daar is slegs enkele empiriese studies wat in die vertaalpraktyk gedoen is en wat die gehalte van professionele reviseurs of ervare vertalers se revisie ondersoek het.<sup>7</sup> Hier onder volg 'n kort beskrywing van twee sodanige navorsingsprojekte.

### 2.2.1 Arthern (1983)

Arthern moes as hoof van die taalafdeling in die huidige Raad van die Europese Unie in België die personeeëvaluering van twaalf reviseurs hanteer. In sy artikel "Judging the quality of revision" beskryf hy sy poging om 'n objektiewe assesseringsmetode te ontwikkel ten einde die gehalte van hierdie reviseurs se werk te bepaal. Die aantal veranderinge wat 'n reviseur moet aanbring, hang af van die gehalte van die konsepvertaling, dus kan assessering nie op grond van 'n aantal bladsye geskied nie. Arthern se oplossing was om genoeg tekste van elke reviseur te ondersoek totdat hy 200 moontlike ingrypings (*interventions*) gevind het. Dit beteken wel dat veranderlikes soos die tekstipe, die vertaler se opleiding en ervaring, en die gehalte van die konsepvertaling van reviseur tot reviseur gewissel het. Elkeen se werk is op 'n ander manier hierdeur beïnvloed, maar die doel van Arthern se ondersoek was personeeëvaluering (om elke reviseur se prestasie in die praktyk te meet) en nie om revisie as prosedure wetenskaplik te ondersoek nie.

Arthern gebruik die term *interventions* en sluit hierby in sowel veranderinge wat die reviseurs aangebring het as foute wat hulle oorgesien het. Hy het elke reviseur se moontlike ingrypings in vier kategorieë ingedeel, naamlik:

Kategorie X: wesenlike fout (*substantive error*) oorgesien of ingevoeg

Kategorie F: formele fout (*formal error*) oorgesien of ingevoeg

Kategorie U: onnodige verandering (*unnecessary intervention*) aangebring

Kategorie C: nodige regstelling van betekenis of verbetering van leesbaarheid (*necessary correction of sense or improvement in readability*).

Op grond van hierdie indeling is 'n profiel vir elke reviseur saamgestel en het Arthern bevind: "All of them made a number of what I considered to be unnecessary interventions, i.e. they changed words or word order without correcting the sense or improving the style of the text, but some made a larger proportion of such changes than others" (1983:54). Arthern gee ongelukkig nie tekstuele voorbeelde of 'n omskrywing van die term *substantive error* nie. Na aanleiding van sy beskrywing van *formal errors* as foute "which do not distort the overall



meaning of the text” (1983:54) kan die afleiding gemaak word dat ’n wesenlike fout wel die oordrag van die bronteks se betekenis belemmer.

Verskillende gewigte is aan die kategorieë toegeken. Kategorie X word as die ernstigste foute geag, terwyl kategorie U-foute as nie-ernstig geag word. Hierdie gewigte word weerspieël in die formule wat Arthern voorstel om elke reviseur se punt mee uit te werk:  $S = X + F/2 + U/3$ . Die punt (S) is die getal wesenlike foute wat oorbly ná revisie (X) plus die helfte van die getal formele foute (F/2) plus een derde van die getal onnodige veranderinge wat gemaak is (U/3). Volgens hierdie formule behoort die beste reviseurs die laagste punte te kry.

Die swakste (dus hoogste) telling, naamlik 65, verteenwoordig 16 wesenlike foute (X), 92 formele foute (F) en 9 onnodige veranderinge (U). Dit beteken dat uit die 200 moontlike ingrypings hierdie reviseur slegs 83 verbeteringe gemaak het. Die beste (dus laagste) telling, naamlik 8, verteenwoordig 1 wesenlike fout (X), 2 formele foute (F) en 18 onnodige veranderinge (U). Hierdie reviseur het dus 179 verbeteringe gemaak en het die grootste impak op die gehalte van die betrokke doeltekste gehad.

Hoewel hierdie assesseringsmetode meer objektief sou gewees het as daar meer as een evalueerder was, bevestig die resultate wel dat ’n mens nie net kan aanneem dat ’n reviseur noodwendig ’n konsepvertaling se gehalte sal verbeter nie. Die reviseur kan selfs die gehalte van die vertaling verlaag, soos in die volgende afdeling beskryf word.

### 2.2.2 Künzli (2006 en 2007)

Künzli se empiriese studie is in Swede uitgevoer. Hy het tien professionele vertalers<sup>8</sup> gevra om as reviseurs op te tree en drie vertaalde tekste na te gaan, naamlik ’n bemerkings-, regs- en tegniese teks. Nege uit die tien reviseurs het ervaring in revisie gehad. Die reviseurs is gevra om hardop te dink terwyl hulle die tekste nagaan, waarna hierdie *think-aloud protocols* (TAPs) asook die tekste met die reviseurs se veranderinge ontleed is. Die reviseurs se veranderinge is deur ’n vakkundige op elke gebied geëvalueer. Die reviseurs het ook ’n vraelys oor hulle opleiding en werkervaring ingevul, waarna Künzli ’n onderhoud met elkeen gevoer het. Hier onder volg ’n kort beskrywing van twee van sy artikels wat hy op hierdie navorsingsprojek gebaseer het: een oor die revisie van die tegniese teks (2006) en een oor die revisie van die regstekst (2007).

Die tegniese teks bestaan uit instruksies vir die installering van ’n sneeustorting-veiligheidsnet. Die grootste deel van Künzli (2006) se artikel daarvoor beskryf hoe die reviseurs een spesifieke probleemgeval opgelos het: die oorspronklike vertaler het ’n lys moontlike ekwivalente vir ’n tegniese term in ’n voetnoot gegee, maar nie ’n aanbeveling gemaak nie, dus moes die reviseurs besluit watter term die beste in hierdie konteks sou werk. Die vakkundige wat die tekste geëvalueer het, het ’n graad in ingenieurswese en meer as twintig jaar ervaring as ’n vryskut- tegniese vertaler. Volgens dié vakkundige het slegs een reviseur die regte oplossing gebied. Met die ontleding van die TAPs is gevind dat hierdie reviseur die enigste een was wat die verwantskap raakgesien het tussen die spesifieke term en die teks as geheel en besef het dat dit ’n sinoniem is vir ’n term wat vroeër in dieselfde sin

voorkom. Die ander nege reviseurs het die term in isolasie nagevors en nie besef die bronteks self kan as 'n inligtingsbron gebruik word nie.

Een van Künzli (2006) se gevolgtrekkings is dat die gehalte van reviseurs se werk daaronder ly as hulle nie tegniese kennis van die spesifieke veld het nie. 'n Rede wat hy hiervoor gee, is dat hulle in terminologiese probleme vasval en dus op die leksikale vlak fokus ten koste van die tekstuele vlak. Hy bespreek egter glad nie die ander veranderinge wat die reviseurs in hierdie teks aangebring het nie. Künzli maak verder die stelling dat een van die redes vir die probleme wat hierdie reviseurs ondervind het, kan wees dat hulle geen kontak met die oorspronklike vertaler en bronteks-outeur gehad het nie. Aangesien hulle nie geweet het wie die vertaler was en of hulle die persoon kon vertrou nie, veral wat die terminologie betref, het hulle heelwat langer geneem om probleme soos in Künzli se artikel beskryf, op te los. Dieselfde is bevind in die loodsstudie wat in afdeling 4 en 5 van my artikel beskryf word: die reviseurs het veel meer tyd aan die kontrolering van terminologie in fase 2 bestee, aangesien hulle nie geweet het wie die vertaler was nie.

In sy artikel oor die revisie van die regstek (2007), 'n hofuitspraak, fokus Künzli onder andere op die getal en tipe veranderinge wat aangebring is, asook die moontlike verband tussen die hoeveelheid tyd wat aan revisie bestee is en die gehalte van die revisie. Die vakkundige wat die reviseurs se veranderinge aan die tekste geëvalueer het, het 'n graad in sowel regte as vertaling, en het meer as twintig jaar lank regsvertaling gedoseer. Die opdrag aan die vakkundige was om die volgende tipes veranderinge uit te wys:

- (i) geregverdigde veranderinge, met ander woorde veranderinge wat die gehalte van die teks verbeter (*justified changes*);
- (ii) onnodige veranderinge (*hyper-revision*);
- (iii) nuwe foute ingevoeg (*over-revision*); en
- (iv) foute oorgesien (*under-revision*).

Wanneer die getal geregverdigde veranderinge vergelyk word met die getal onnodige veranderinge plus nuwe foute plus foute oorgesien, het slegs drie uit die tien reviseurs meer goeie veranderinge aangebring as wat hulle slegte veranderinge gemaak of foute oorgesien het (m.a.w. die totaal van (i) hier bo teenoor (ii) + (iii) + (iv) hier bo). Vier van die reviseurs het die gehalte van die konsepvertaling selfs verlaag (2007:121). Van die totale moontlike ingrypings vorm geregverdigde veranderinge 41 persent, onnodige veranderinge 20 persent, nuwe foute 10 persent en foute oorgesien 29 persent. Dit bevestig dié stelling van Arthern (1983:54): "One would hope that every time a reviser changes a text he [or she] introduces a necessary correction or a helpful improvement in style, but experience shows that this is not the case."<sup>9</sup>

Soos reeds genoem, het Künzli (2007) ook ondersoek of daar 'n verband is tussen hoeveel tyd die reviseurs aan 'n teks bestee en die gehalte van die revisie. Die twee reviseurs wat die meeste tyd aan revisie bestee het, het ook die beste werk gelewer. Die twee reviseurs wat onderskeidelik die derde en vierde meeste tyd aan revisie bestee het, het egter die twee swakste tekste wat betref die gehalte van revisie gelewer; met ander woorde, ná revisie was

daar meer onnodige veranderinge, nuwe foute en foute oorgesien in hierdie twee tekste as in die ander tekste wat nagegaan is. Künzli maak die belangrike gevolgtrekking dat “quality takes time, but spending a lot of time on a revision task does not necessarily amount to the same thing as being able to provide quality in translation revision” (2007:121). Dit word ook weerspieël in die resultate van die empiriese ondersoek soos in afdeling 5 beskryf.

Met die vertolking van bogenoemde resultate moet egter in gedagte gehou word dat die reviseurs drie tekste gehad het om na te gaan, en dat hulle kon kies in watter volgorde hulle dit wou doen. Diegene wat die regstekes eerste nagegaan het, het die teks se gehalte verhoog, maar albei reviseurs wat die regstekes laaste nagegaan het, het die konsepvertaling se gehalte verlaag. Die invloed van moegheid en minder motivering is belangrik vir die vertaalpraktik, derhalwe vra Mossop (2007a:9–10): “[S]hould people be assigned to other-revise all day long, or should the revision task be interspersed with other activities?”

Teen die agtergrond van waar revisie in toegepaste vertaalkunde inpas, verskeie definisies vir die konsep en empiriese studies wat reeds oor die gehalte van revisie gedoen is, volg die beskrywing van die loodsstudie se probleemstelling en doel in afdeling 3, die navorsingsmetodologie in afdeling 4 en die resultate in afdeling 5.

### 3. Probleemstelling en doel

Arthern (1983:54) se opmerking dat daar gewoonlik nie weer gekyk word na tekste wat deur ’n reviseur nagegaan is nie, geld ook vir die Universiteit Stellenbosch se Taaldiens. Die Taaldiens lewer vertaal-, redigeer- en tolkdienste, maar aangesien daar in hierdie artikel op die revisie van vertaalde tekste gefokus word, verwys ek verder na hierdie kantoor as die vertaalkantoor. Vertalings word meestal deur vryskutvertalers gedoen, waarna dit nagegaan word deur ’n reviseur wat vir daardie doel in die vertaalkantoor aangestel is. In ’n omgewing waar hoë finansiële en werksdruk die norm is, stuur die reviseur die finale vertaalprodukt aan die kliënt en begin dan dadelik met die volgende opdrag. Die gehalte van die revisie word wel opgevolg wanneer ’n klagte van ’n kliënt ontvang word, maar dit gebeur selde.

Die probleem is dat, terwyl die vertaalkantoor hulpbronne aan revisie bestee, daar onsekerheid is oor watter impak revisie op die gehalte van die vertaalde dokumente het en of die prosedure kostedoeltreffend is. In die lig van die kommerwekkende bevindinge in Arthern (1983) en Künzli (2006 en 2007) se studies soos in afdeling 2.2 beskryf, het ek besluit om die gehalte van revisie in ’n empiriese studie te ondersoek.

Die doel van die loodsstudie wat in afdeling 4 en 5 beskryf word, is tweeledig, naamlik (i) om te bepaal watter impak verskeie reviseurs se werk op die gehalte van die konsepvertaling gehad het en (ii) om die impak van die revisie op die vertaalprodukt te vergelyk met die tyd wat aan revisie bestee is ten einde die kostedoeltreffendheid van die prosedure te bepaal.

#### 4. Metodologie

Hierdie loodsstudie is gebaseer op 'n algemene beginsel wat in die vertaalkantoor toegepas word, naamlik dat 'n moeiliker vertaling (bv. met meer vakspesifieke terminologie) aan 'n ervare vertaler toegewys word, terwyl 'n makliker vertaling (bv. met minder vakspesifieke terminologie) aan 'n minder ervare vertaler toegewys word. Die studie is dus in twee fases uitgevoer met die oog daarop om die gehalte van revisie in elke fase met mekaar te vergelyk.

In fase 1 is 'n eksamen vraestel in die sosiale wetenskappe vertaal deur 'n vertaalstudent wat besig was met 'n internskap by die vertaalkantoor. Die student het 'n BA-graad met geen formele kwalifikasie of voltydse ervaring in vertaling nie. In fase 2 is 'n eksamen vraestel in ingenieurswese vertaal deur 'n ervare vertaler met 'n BPhil in vertaalkunde en 13 jaar ervaring as 'n vryskutvertaler. Albei brontekste was ongeveer 600 woorde lank en is uit Engels in Afrikaans vertaal. Albei vertalers se eerste taal is Afrikaans.

Die metodologie vir sowel fase 1 as fase 2 was soos volg: die konsepvertaling is deur vier reviseurs nagegaan met die opdrag om enige foute uit te skakel en die gehalte van die konsepvertaling te verbeter. Alle veranderinge is met MSWord se *track changes*-funksie aangedui en hierdie weergawe van die dokument is vir latere ontleding gestoor. 'n Volgende weergawe, waarin al die veranderinge aanvaar is, asook die konsepvertaling waarop daar nie revisie toegepas is nie, is aan drie evalueerders gestuur. Die evalueerders het dus in elke fase vyf dokumente sonder redigeerspore ontvang: die konsepvertaling wat nie nagegaan is nie, en een vertaling elk wat deur die vier reviseurs nagegaan is. Die evalueerders se opdrag was om hierdie vyf verskillende vertalings te evalueer met behulp van 'n assesseringsinstrument wat aan hulle voorsien is. (Meer inligting oor dié assesseringsinstrument volg hier onder.) Die reviseurs en die evalueerders het toegang tot die betrokke brontekste gehad.

Al drie evalueerders het tersiêre kwalifikasies in vertaling en tussen 11 en 29 jaar vertaalervaring. Soos die vertalers, is die evalueerders en reviseurs eerstetaal-Afrikaanssprekendes. Al vier reviseurs het nagraadse kwalifikasies in vertaal- of taalkunde en het tussen 5 en 11 jaar ervaring in vertaling. Drie uit die vier het ervaring as voltydse reviseur. Aangesien daar moontlik 'n verband gelê sou kon word tussen die reviseurs se ervaring en die gehalte van hulle werk, verskyn verdere besonderhede oor hulle vertaal- en revisie-ervaring in tabel 1.

**Tabel 1. Vertaal- en revisie-ervaring van reviseurs**

<i>Reviseur</i>	<i>Vertaalervaring</i>	<i>Revisie-ervaring</i>
Reviseur 1	8 jaar	geen
Reviseur 2	5 jaar	1 jaar
Reviseur 3	11 jaar	4 jaar
Reviseur 4	11 jaar	7 jaar

Die assesseringsinstrument is deur Sonia Colina (2008 en 2009) ontwikkel op grond van die funksionalistiese benadering tot vertaling, wat ook in die vertaalkantoor gevolg word. Volgens hierdie benadering is dit belangrik dat die kliënt 'n vertaalopdrag aan die vertaler gee wat besonderhede oor, byvoorbeeld, die teikenlesers en die funksie van die vertaling bevat (kyk bv. Nord 1997, 2002 en 2005). Hierdie vertaalopdrag word ook gegee aan die reviseur wat vir die finale vertaalproduk verantwoordelik is. Verder dien die besonderhede in die vertaalopdrag as kriteria waarvolgens die vertaling geëvalueer word. (Kyk bv. tabel 3 waar die assesseringsinstrument spesifiek na die vertaalopdrag verwys.)

Die teks as geheel word geëvalueer, met die fokus op die volgende vier aspekte van gehalte: (i) doeltaalgebruik; (ii) funksionele en tekstuele toereikendheid; (iii) die oordrag van nievakkundige inhoud; en (iv) vakkundige inhoud en terminologie. Tabel 2 toon hierdie kategorieë, met die numeriese gewig wat aan elkeen toegeken is in die assessering van die vertaalde eksamenvraestel. Dit beteken dat die instrument gebruik kan word om verskillende tekstipes te evalueer. Die kategorie vakkundige inhoud en terminologie sal byvoorbeeld swaarder weeg in die evaluering van 'n eksamenvraestel (bv. 30 uit 100), as in die evaluering van 'n koerantartikel oor algemene nuus van die dag (bv. 20 uit 100). Vir so 'n koerantartikel, weer, behoort die kategorie doeltaalgebruik swaarder te weeg.

**Tabel 2. Kategorieë van assesseringsinstrument en gewigte toegeken (Colina 2009)**

<i>Kategorieë</i>	<i>Voorbeelde van kriteria</i>	<i>Gewig</i>
1. Doeltaalgebruik	Grammatika, spelling	20 uit 100
2. Funksionele en tekstuele toereikendheid	Funksie van teks, teikenlesers	20 uit 100
3. Nievakkundige inhoud	Oordrag van betekenis	30 uit 100
4. Vakkundige inhoud en terminologie	Terminologie	30 uit 100

Die fokus op die tekstuele vlak in plaas van die leksikale vlak word ook weerspieël in die manier waarop punte toegeken word. Daar word nie punte afgetrek vir foute nie, maar eerder van beskrywende stellings gebruik gemaak. Die evalueerder kies in elke kategorie die stelling wat die teks die beste beskryf. As voorbeeld verskaf tabel 3 hier onder 'n vertaling en effens aangepaste weergawe (t.o.v. terminologie en bykomende kolomme) van die derde kategorie in Colina se assesseringsinstrument. Daar is kolomme aan die regterkant waar die evalueerder die vyf doeltekste moet assesser, asook spasie onderaan vir enige voorbeelde of opmerkings wat die assessering kan toelig.

**Tabel 3. Kategorie 3 van Colina se assesseringsinstrument met beskrywende stellings (vertaal en effens aangepas)**

<i>Kategorie 3: Oordrag van nievakkundige inhoud</i>						
Nr.	Beskrywing	Merk een blokkie per doeltteks (DT)				
		DT 1	DT 2	DT 3	DT 4	DT 5
3.a	Die doeltteks (DT) getuig van, of bevat, ongevraagde afwykings van die bronteks (BT) op belangrike punte. Dit bevat onakkurate weergawes en/of belangrike weglatings en toevoegings wat nie deur die vertaalopdrag geregverdig kan word nie. Daar was hoogs gebrekkige begrip van die bronteks.					
3.b	Daar is betekenisveranderings, weglatings en/of byvoegings wat nie deur die vertaalopdrag geregverdig kan word nie. Die DT toon dat die BT en/of die vertaalopdrag op party plekke verkeerd verstaan is.					
3.c	Minder belangrike betekenisveranderings, byvoegings of weglatings kom voor.					
3.d	Die DT weerspieël die inhoud wat in die BT vervat is, akkuraat met verwysing na die vertaalopdrag, sonder dat daar ongevraagde veranderings, weglatings of byvoegings gedoen is. Fyn nuanses en betekenisveranderinge is toereikend weergegee.					
Voorbeelde/Opmmerkings:						

Die vyf kolomme aan die regterkant het die evalueerders aangemoedig om die tekste in elke kategorie met mekaar te vergelyk, en hulle het die spasie onderaan benut om sommige keuses te verduidelik. Die resultate van die assessering word in die volgende afdeling beskryf.

## 5. Resultate

Die beskrywings waaruit die evalueerders kon kies om die vertaling te evalueer, is elk aan 'n numeriese waarde gekoppel. Met hierdie waarde en die gewig wat aan elke afdeling toegeken is (kyk tabel 2), kon daar 'n punt uit 100 bereken word wat die gehalte van die vertaalprodukt aandui. Daar is dus drie punte (elk uit 100) beskikbaar vir die konsepvertaling (sonder revisie) en die vier vertalings soos verander deur elke reviseur. Hierdie drie punte se totaal is deur drie gedeeltes om 'n gemiddelde punt uit 100 vir elke teks te kry, wat dus 'n aanduiding is van die gehalte van die vertaling volgens al drie evalueerders.

Tabel 4 wys hierdie gemiddelde punt uit 100 wat aan die tekste in onderskeidelik fase 1 en fase 2 toegeken is aan die vertaalprodukte soos gelewer deur die vertaalstudent, die ervare

vertaler en die vier reviseurs. Die impak van revisie op die gehalte van die vertaalprodukt kan bepaal word deur die punt wat aan die konsepvertaling (sonder revisie) toegeken is, te vergelyk met die punt wat toegeken is aan die vertaalprodukt wat deur een van die reviseurs gelewer is.

**Tabel 4. Die impak van revisie op die gehalte van die vertaalprodukt**

	<i>Sonder revisie</i>	<i>Reviseur 1</i>	<i>Reviseur 2</i>	<i>Reviseur 3</i>	<i>Reviseur 4</i>
<i>Fase 1</i> vertaalstudent; eksamenvraestel in die sosiale wetenskappe	51,6	83,3	81,6	68,3	93,3
<i>Fase 2</i> ervare vertaler; eksamenvraestel in ingenieurswese	76,6	80,0	78,3	76,6	81,6

Dit is duidelik dat revisie 'n groter impak gehad het op die gehalte van die konsepvertaling deur die vertaalstudent (fase 1) as op die konsepvertaling deur die ervare vertaler (fase 2). In teenstelling met die resultate van Künzli (2007) se empiriese ondersoek, het nie een van die reviseurs 'n negatiewe impak op die gehalte van die vertalings gehad nie.

Reviseur 4 se werk het die meeste impak gehad op die gehalte van die vertaalprodukt in albei fases – hierdie persoon het ook die meeste revisie-ervaring (kyk tabel 1). Hoewel reviseur 3 die tweede meeste revisie-ervaring het, het hierdie persoon se werk die minste impak gehad in albei fases. In fase 2 het reviseur 3 se revisie geen impak gehad nie, aangesien die punt vir die konsepvertaling en die vertaalprodukt ná revisie presies dieselfde is. Dit is opmerklik dat reviseur 1 se revisie die tweede beste resultate toon, aangesien hierdie persoon geen ervaring in revisie het nie, teenoor reviseur 3 se vier jaar revisie-ervaring. Reviseur 2, met een jaar revisie-ervaring, het ook in albei fases beter resultate getoon as reviseur 3. Dit is 'n aanduiding dat die gehalte van revisie nie noodwendig toeneem namate ervaring in revisie meer raak nie. Talle ander veranderlikes (soos moegheid en motivering) speel egter ook 'n rol, dus behoort die moontlike verband tussen revisie-ervaring en die gehalte van revisie in verdere empiriese studies ondersoek te word.

Ten einde die kostedoeltreffendheid van revisie te bepaal, is die impak van revisie vergelyk met die tyd wat elke reviseur aan die taak bestee het. In tabel 5 word die impak van revisie uitgedruk as 'n waarde wat verkry is deur die punt vir die gehalte van die konsepvraestel af te trek van die punt toegeken aan die vertaalprodukt ná revisie (kyk tabel 4). As reviseur 4 se punt 93,3 is vir die gehalte van die vertaalprodukt ná revisie (in fase 1) en die punt vir die konsepvertaling deur die vertaalstudent (51,6) daarvan afgetrek word, word die impak van revisie op daardie teks as 'n waarde van 41,7 uitgedruk. Die kostedoeltreffendheid kan dus

bepaal word deur hierdie waarde te vergelyk met die hoeveelheid tyd (een uur) wat reviseur 4 aan die revisie bestee het. Tabel 5 toon elke reviseur se kostedoeltreffendheid in albei fases.

**Tabel 5. Kostedoeltreffendheid van revisie**

	<i>Reviseur 1</i>	<i>Reviseur 2</i>	<i>Reviseur 3</i>	<i>Reviseur 4</i>	<i>Gemiddeld</i>
<i>Fase 1</i> vertaalstudent; sosiale wetenskappe <i>impak van revisie</i> <i>tyd spandeer aan revisie</i>	31,7 1,5 uur	30,0 1,5 uur	16,7 0,7 uur	41,7 1 uur	30,0 1,2 uur
<i>Fase 2</i> ervare vertaler; ingenieurswese <i>impak van revisie</i> <i>tyd spandeer aan revisie</i>	3,4 2 uur	1,7 1 uur	0,0 1 uur	5,0 2 uur	2,5 1,5 uur

Hoewel die gemiddelde tyd wat in fase 1 aan revisie spandeer is, minder is as in fase 2, is die impak van revisie op fase 1 se konsepvertaling veel groter as dié in fase 2. Een rede hiervoor is die swakker gehalte van die vertaalstudent se vertaling: 'n punt van 51,6 is aan die vertaalstudent se konsepvertaling toegeken, teenoor 76,6 aan die ervare vertaler s'n (kyk tabel 4). Aangesien die vertaalstudent se konsepvertaling meer foute bevat as dié van die ervare vertaler, kon die reviseurs meer veranderinge aanbring om die gehalte van die vertaalstudent se vertaling te verbeter.

Nog 'n moontlike rede is dat die ingenieurswese-vraestel in fase 2 meer terminologie bevat as die sosialewetenskappe-vraestel in fase 1 en dat die reviseurs dus meer tyd daaraan spandeer het om die terminologie na te vors. Die reviseurs het nie geweet wie die dokumente vertaal het nie. As hulle wel hierdie inligting gehad het, sou hulle heel moontlik minder tyd aan die terminologie in die ingenieurswese-vraestel spandeer het, aangesien die vertaling gedoen is deur een van die beste vertalers verbonde aan die vertaalkantoor. Künzli (2006:209) noem ook dat dit reviseurs help om te weet dat hulle die vertaler kan vertrou om akkurate navorsing te doen. 'n Toepassing hiervan in die vertaalpraktyk is dat dit belangrik is dat die vertaler kommentaarblokkies invoeg, veral ten opsigte van terminologie (bv. watter bron die vertaler gebruik het), sodat die reviseur nie die terme weer 'n keer hoef na te vors nie.

Dit is duidelik dat revisie in fase 1 meer kostedoeltreffend was. Die vraag kan selfs gevra word of dit die moeite werd is om revisie te doen wanneer die vertaling, soos in fase 2, deur 'n ervare vertaler gedoen is. Die besluit moet dus geneem word of die vertaalkantoor hierdie risiko kan loop, want selfs die beste vertalers maak soms foute wat dan ongesiens sal verbygaan. Verder bevestig die inligting in tabel 5 Mossop se waarskuwing dat tyd wat aan revisie bestee word, op sigself nie veel beteken nie (2007b:121), met ander woorde dat die gehalte van die vertaalprodukt nie noodwendig beter is as daar meer tyd aan revisie bestee



word nie. Dit is 'n vraagstuk in navorsing oor revisie; ook Künzli (2007) se resultate het dit as 'n probleem uitgewys (kyk afdeling 2.2).

Een oplossing vir hierdie probleem is om baie duidelike riglyne ten opsigte van revisiemetodes te verskaf en nie net aan te neem dat 'n goeie vertaler ook 'n goeie reviseur sal wees nie. Enkele moontlikhede vir verdere studie word in die volgende afdeling genoem.

## 6. Gevolgtrekking

In hierdie artikel is verskillende definisies vir die konsep *revisie* gegee, asook verskeie terme wat daarvoor gebruik word. Na aanleiding hiervan is die gebruik van die term *revisie* in hierdie studie gespesifiseer as die prosedure wat gevolg word wanneer 'n tweede vertaler 'n konsepvertaling deur 'n eerste vertaler nagaan ten einde foute uit te skakel en die gehalte van die vertaling te verbeter. *Revisie* is onderskei van *redigering* deurdat *revisie* op 'n vertaalde dokument toegepas word, en *redigering* op 'n dokument wat nie vertaal is nie. Empiriese studies wat in België en Swede oor die gehalte van revisie uitgevoer is, is kortliks beskryf. In hierdie studies is belangrike kwessies uitgelig, soos dat reviseurs nie noodwendig al die foute in 'n teks raaksien nie en dat hulle onnodige veranderinge kan maak en selfs foute kan invoeg. Teen hierdie agtergrond is die probleem geopper dat, terwyl die vertaalkantoor hulpbronne aan revisie bestee, die impak van revisie op die gehalte van die vertaalproduk nog nie gemeet is nie.

Ten einde die impak van revisie en die kostedoeltreffendheid daarvan te bepaal, is 'n loodsstudie in Suid-Afrika uitgevoer waar die werk van vier reviseurs in twee verskillende situasies geassesseer is. Die resultate toon dat revisie veel minder impak het op 'n vertaling deur 'n ervare vertaler as op 'n vertaling deur 'n vertaalstudent, en dat die vraag selfs gevra kan word of dit nodig is om 'n ervare vertaler se werk na te gaan. Verder is daar nie 'n direkte verband tussen ervaring as reviseur en die gehalte van revisie gevind nie – navorsing oor die vaardighede wat suksesvolle revisie verg, is dus nodig. Die resultate toon ook dat daar nie 'n direkte verband is tussen die gehalte van revisie en die hoeveelheid tyd wat daaraan spandeer word nie. Dit bevestig wat in vorige empiriese studies bevind is (kyk afdeling 2.2) en beklemtoon dat duideliker riglyne vir revisie geformuleer moet word. Hiermee saam behoort empiriese studies oor die sukses van verskillende revisiemetodes deel van moontlike verdere navorsing uit te maak.

Hierdie loodsstudie het op die assessering van die vertaalproduk op tekstuele vlak gefokus. 'n Ontleding van die veranderinge wat die reviseurs aangebring het en foute wat hulle oorgesien het, kan gedoen word om spesifieke probleme te ondersoek wat reviseurs ondervind ten einde riglyne oor revisie te verfyn. Die resultate van hierdie en vorige empiriese studies toon verder dat revisie, selfs deur 'n persoon met jare se revisie-ervaring, nie noodwendig 'n bevredigende impak op die gehalte van die vertaalproduk het nie, en dat die vertaalpraktyk sal baat by navorsing oor hoe om revisie met meer sukses uit te voer.

## Bibliografie

- Arthern, P. 1983. Judging the quality of revision. *Lebende Sprachen*, 28(2):53–7.
- Asadi, P. en C. Séguinot. 2005. Shortcuts, strategies and general patterns in a process study of nine professionals. *Meta: Translators' Journal*, 50(2):522–47.
- Baker, M. en G. Saldanha (reds.). 2009. *Routledge encyclopedia of Translation Studies*. 2de uitgawe. Londen: Routledge.
- Beukes, A. en M. Pienaar. 2010. *Veeltalige vertaalterminologie*. Pretoria: Van Schaik.
- Biel, Ł. 2011. Training translators or translation service providers? EN 15038:2006 standard of translation services and its training implications. *The Journal of Specialised Translation*, 16:61–76.
- Boulogne, P. (red.). 2008. *Translation and its others*. Selected papers of the CETRA research seminar in Translation Studies 2007. <http://www.kuleuven.be/cetra/papers/Papers2007/Robert.pdf> (31 Julie 2010 geraadpleeg).
- Breedveld, H. en H. van den Bergh. 2002. Revisie in vertaling: wanneer en wat. *Linguistica Antverpiensia: New Series*, 1:327–45.
- Brunette, L. 2000. Towards a terminology for translation quality assessment: A comparison of translation quality assessment practices. *The Translator*, 6(2):169–82.
- Brunette, L. en P. Horguelin. 1998. *Pratique de la révision*. Brossard (Québec): Linguattech.
- CEN (European Committee for Standardization). 2006. *NBN EN 15038 (E): Translation services – Service requirements*. Brussels: Belgisch Instituut voor Normalisatie.
- . 2009. Members. <http://www.cen.eu/cen/Members/Pages/default.aspx> (12 Januarie 2012 geraadpleeg).
- Chesterman, A. en E. Wagner. 2002. *Can theory help translators? A dialogue between the ivory tower and the wordface*. Manchester: St Jerome.
- Colina, S. 2008. Translation quality evaluation: Empirical evidence for a functionalist approach. *The Translator*, 14(1):97–134.
- . 2009. Further evidence for a functionalist approach to translation quality evaluation. *Target*, 21(2):235–64.
- Delisle, J., H. Lee-Jahnke en M. Cormier (reds.). 1999. *Translation terminology*. Amsterdam: John Benjamins.

Gambier, Y., M. Shlesinger en R. Stolze (reds.). 2007. *Doubts and directions in Translation Studies*. Amsterdam: John Benjamins.

Gambier, Y. en L. van Doorslaer (reds.). 2007. The metalanguage of translation. Speciale uitgawe van *Target*, 19(2). Amsterdam: John Benjamins.

Gotti, M. en S. Šarčević (reds.). 2006. *Insights into specialized translation*. Bern en Frankfurt: Peter Lang.

Graham, J. 1989. Checking, revision and editing. In Picken (red.) 1989.

Holmes, J. 1988. The name and nature of Translation Studies. In Venuti (red.) 2004.

IAMLADP (Inter-Agency Meeting on Language Arrangements, Documentation and Publications). 2004. Report: Task force on the quality management approach. [http://www.uncti.net/pages/essays/quality\\_mngt.pdf](http://www.uncti.net/pages/essays/quality_mngt.pdf) (24 April 2007 geraadpleeg).

Künzli, A. 2006. Translation revision: A study of the performance of ten professional translators revising a technical text. In Gotti en Šarčević (reds.) 2006.

—. 2007. Translation revision. A study of the performance of ten professional translators revising a legal text. In Gambier, Shlesinger en Stolze (reds.) 2007.

Lorenzo, M. 2002. Competencia revisora y traducción inversa. *Cadernos de Tradução*, 10:133–66.

Mossop, B. 2007a. Empirical studies of revision: What we know and need to know. *The Journal of Specialised Translation*, 8:5–20.

—. 2007b. *Revising and editing for translators*. 2de uitgawe. Manchester: St Jerome.

Munday, J. 2008. *Introducing Translation Studies: Theories and applications*. 2de uitgawe. Londen: Routledge.

Nord, C. 1997. A functional typology of translations. In Trosborg (red.) 1997.

—. 2002. Manipulation and loyalty in functional translation. *Current Writing*, 4(2):32–44.

—. 2005. *Text analysis in translation: Theory, methodology, and didactic application of a model for translation-oriented text analysis*. 2de uitgawe. Amsterdam: Rodopi.

Odendal, F. en R. Gouws (reds.). 2005. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. 5de uitgawe. Kaapstad: Maskew Miller Longman.

Picken, C. (red.). *The translator's handbook*. Londen: Aslib.

Robert, I. 2008. Translation revision procedures: An explorative study. In Boulogne (red.) 2008.

- Shih, C. 2006. Revision from translators' point of view: An interview study. *Target*, 18(2):295–312.
- Trosborg, A. (red.). 1997. *Text typology and translation*. Amsterdam: John Benjamins.
- Venuti, L. (red.). 2004. *The Translation Studies reader*. 2de uitgawe. Londen: Routledge.

## Eindnotas

<sup>1</sup> Hierdie artikel is gebaseer op my tans onvoltooide PhD-studie onder leiding van prof. Ilse Feinauer, verbonde aan die Universiteit Stellenbosch se Departement Afrikaans en Nederlands. Die studie handel oor die gehalteversekering van vertaalde studiemateriaal in 'n hoërsonderwysomgewing.

<sup>2</sup> Volgens *Translation terminology*, die Internasionale Federasie van Vertalers (FIT) se viertalige woordelys (Delisle, Lee-Jahnke en Cormier 1999:71), is terme wat vir revisie gebruik word, *revision* (Engels), *révision* (Frans), *revisión* (Spaans) en *Revision* (Duits). In die Afrikaanse vertaling van hierdie woordelys (Beukes en Pienaar 2010:146) word die Nederlandse term aangegee as *revisie*, en die Afrikaanse term as *hersiening*. Die woord *hersiening* word egter ook in ander kontekste gebruik, soos in skole (en universiteite) waar leerders die semester of die jaar se werk hersien, en in uitsprake van 'n laer hof wat hersien word om die korrektheid daarvan te bepaal (Odendal en Gouws 2005:394). Ek gebruik dus *revisie* as Afrikaanse vakterm ten einde moontlike verwarring te voorkom.

<sup>3</sup> Daar is net twee handboeke oor revisie, naamlik Mossop (2007) se *Revising and editing for translators* en die Franse handboek *Pratique de la révision* deur Brunette en Horguelin (1998).

<sup>4</sup> Hierdie bron gebruik die spitskakies as kruisverwysings na ander terme wat ook in die terminologielys opgeneem is.

<sup>5</sup> Die fokus van hierdie loodsstudie en artikel is dus op wat Mossop *other-revision* (anderrevisie) noem (2007a:6) en nie op selfrevisie nie. Empiriese studies wat oor selfrevisie gedoen is, sluit in Shih (2006), Asadi en Séguinot (2005) en Breedveld en Van den Bergh (2002).

<sup>6</sup> Vir die doel van hierdie artikel word die term *ervare vertalers* gebruik vir vertalers wat minstens vyf jaar vertaalervaring het. Professionele reviseurs is vertalers wie se hoofsaak dit is om ander se vertalings na te gaan.

<sup>7</sup> Revisie word ook as 'n leeraktiwiteit in die opleiding van vertalers gebruik sodat die studente foute in hulle eie vertalings kan ontdek en kan bepaal waarom hulle hierdie foute gemaak het (Delisle e.a. 1999:175). Kyk ook Lorenzo (2002) in Künzli (2007:116–7), wat die gehalte van vertaalstudente se revisie bestudeer het. Die fokus van hierdie artikel is nie op

revisie deur studente nie, maar spesifiek op revisie wat deur ervare vertalers in die professionele vertaalomgewing gedoen word.

<sup>8</sup> Künzli (2006 en 2007) spesifiseer nie sy kriteria vir 'n professionele vertaler nie, maar noem wel dat hy vryskutvertalers met minstens ses jaar vertaalervaring gebruik het (2006:196).

<sup>9</sup> Arthern (1983:54) verduidelik nie wat hy met die woorde “nuttige verbetering” bedoel nie, en daarmee word die subjektiewe aard van assessering weer eens beklemtoon: wat die een persoon as 'n nuttige verbetering sien, sal 'n ander dalk as 'n onnodige verandering beskou. Daarom is dit so belangrik dat vertalers, reviseurs en evalueerders hulle onderskeie take verrig in die lig van die besonderhede wat in die vertaalopdrag gegee is. Hierdie besonderhede kan dan ook dien as kriteria waarvolgens die vertaling geëvalueer word. (Kyk ook afdeling 4, waar 'n assesseringsinstrument bespreek word wat op grond van die funksionalistiese vertaalbenadering ontwerp is.)